17 Oktober 2022

Geagte Ouers

PITKOS VIR DIE WEEK

Spreuke 20:7 - “Hy wat opreg en eerlik leef, se kinders is baie gelukkig.”

ALGEMEEN

Akademie

GSF-Assessering: Hou asb. die assesseringskanaal dop vir die datums van die verskillende assesserings.

Gr. 4 tot Gr. 7 – Eksamen begin amptelik op **Woensdag, 9 November 2022**. Afbakenings is reeds einde verlede kwartaal op Teams gelaai.

Baie sterkte aan elke leerder met jul voorbereidings vir die assesserings, sowel as vir die opkomende eksamen. Onthou om vroegtydig te begin voorberei.

PERSONEEL

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar in die week.

20 Oktober – Me. Theolene Pienaar (Ontvangs)
23 Oktober – Juf. Yvande Coetzee (Gr. RR)

Mag u ’n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

#RoodieFamilie

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE VOLGENDE TWEE WEKE:

17 Oktober – Taalverrykingsklasse Gr. 1 tot Gr. 3 hervat.
17 Oktober – Praatjie - Oorgang van Gr. 3 na Gr. 4 vind om 18:00 in die saal plaas.
18 Oktober – Eerste vriendskaplike atletiekbyeenkoms (Tuis) vs Weltevreden Park Primary.
19 Oktober – Krieket: L/s Fairland Aandreeks-eerstespan vs. RAM om 13:00.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

19 Oktober – Krieket: L/s Fairland Aandreeks-eerstespan vs. L/s Unika om 17:00.
20 Oktober – Jaarlikse Roodie-Gholfdag te Ruimsig Gholfbaan**. LET WEL: Die skool sluit om 12:00 a.g.v. die Gholfdag.**
21 Oktober – Tweede Swemliga vs. Charter House
21 Oktober – Krieket: L/s Fairland Aandreeks-eerstespan (Uitspele en finaal)
21 en 22 Oktober – Netbal: Ma-en-Mini-sus-kamp.
24 en 26 Oktober – D12 Hokkieproewe vir o. 12-seuns (Trintity Little Falls) en o. 12-dogters (Crawford Ruimsig)
25 en 27 Oktober - D12 Hokkieproewe vir o. 13-seuns (Trintity Little Falls) en o. 13-dogters (Crawford Ruimsig)
28 Oktober – Swemliga (La Salle Collage)

#BesigeRoodies #GesondeRoodies

GR.6 OPVOEDKUNDIGE TOER: DRAKENSVILLE

DAG 1:

Die kwartaal het vir die Gr.6-leerders met groot opwinding afgeskop. Op **Maandag, 10 Oktober** het 128 kinders op die bus na ATKV-Drakensville vertrek.

Vir sommige leerders was dit hulle eerste toer of wegbreek so ver van die huis sonder ouers. Die pad is lank en ver daarom het ons ’n uur van ons bestemming af, batterye herlaai by **All Out Adventures** in Bergville.
Hier het ’n klomp fasiliteerders ons ingewag met spanbou-aktiwiteite wat vir sommige eerste was. Groepe is verdeel onder mekaar om hulle sirkus-talente uit te probeer by die vlieënde “trapeze”, steltloop, draadloop, trampolien en foefie-“slide”. Selfs mooi aantrek soos die sirkus! Hier het groepe ook aan krete gewerk, asook hoe om as ’n span probleme op te los. Hulle het die snoepie besoek en weer die laaste ent aangedurf tot by Drakensville.

Die leerders is met aankoms deur die gasvrye omgewing-fasiliteerders verwelkom, wie hulle in luukse wooneenhede opgedeel het, wat 3 tot 5 leerders huisves. Elke huisie het ’n badkamer, kombuis en sitkamer gehad. Hierna is hulle na die eetsaal vir ’n ysbreker-sessie en na ete het hulle interessanthede omtrent die Drakenberg-omgewing geleer.

DAG 2

Vroegoggend na ’n vullende ontbyt het die busse vertrek na die eerste ekspedisie na die **Dragon Rock Reptile and Nature Park.** Hier het sommige leerders, selfs onderwysers hulle vrese vir kruipende en grillerige diere oorkom. Party onnies

het selfs met ‘n 27kg luislang in hulle arms gestaan. Die leerders kon om die beurt sit sodat die slang oor hulle bene seil. Die braafstes het die bobbejaanspinnekop vasgehou, die krokodille van naby beskou, die koggelmanders en ander gediertes in hulle habitat beleef. **Die AKTV-oord** se waterwurm en swembaddens was die beste medisyne na ’n snikheetdag! Die leerders het ook beurtelings teikens met ’n boog geskiet.
Leerders het later die aand, gewapen met ’n flits, die lantern-bekruip.

DAG 3

’n Nuwe avontuur wag op ons! ‘n 8 km staproete in **die Royal National Park**, al met die kronkelpaadjies langs. Ons het afgekoel in die middel van die natuurskoon in waterpoele, langs die stroompie en ’n heerlike kospakkie genuttig. Wat ’n asemrowende gesig! Ongelukkig het ’n dreigende donderstorm ons planne om vlot te bou, onderbreek. Die leerders het in die eetsaal jolige speletjies gespeel en selfs ’n talentaand gehou!

DAG 4

Voor ontbyt was die kinders vroeg uit die vere vir ’n korter staproete naby die oord. Hierna is die ontbyt waarlik waardeer. Twee groepe is opgedeel, die dogters het met behoorlike voorsorgmaatreëls die hoogte van 8m teen die krans af “ge-*abseil*”. Die seuns kon oor die dam “*zipline*” en teikens met verfballe gooi.

Weereens het die donderweer opgesteek. Leerders het eers middagete geniet sodat die hindernisbaan en muurklim veilig kon geskiet, sonder ’n nadere storm. Die leerders is vergoed met ’n onderdak-swemsessie na aandete! Die heerlike water was ’n lafenis na al die aktiwiteite. Vroeg-vroeg is die ligte af nadat tasse gereed en gepak moes wees vir die volgende oggend se vertrek terug huis toe.

DAG 5

’n LAAAAaaang rit terug voorsien sorg vir herinneringe van liedjies sing met hees stemme, oulaas geselsies oor die heerlike wegbreek en slaap inhaal na ’n besige week. Ons is seker die ouers kon die kinders se stories tot lank in die aand hoor eggo. ’n Toer waarby elk waardering voor het. Dankie aan Mnr. Deon, elke personeellid en ouer betrokke om hiervan ’n onvergeetlike toer te kon maak!

#Gr6DrakiesToer #WiesBangVir’nLuislang #OutdoorEnvironmentalEducation

KRIEKET

Baie geluk aan die volgende twee o. 13-seuns wat opgeneem is in die “Central Gauteng Lions – o. 13 Regionals”-spanne.

- Heinrich Minnaar
- Liam Roets

Roodies is voorwaar trots op julle!

#RoodieSport #RoodieKrieket

SWEM

Ons het **Vrydag, 14 Oktober** ons eerste gala vir die seisoen by Trinity Little Falls gehad. Ons swemmers het die middag baie geniet en hul beste gegee. Ons is trots om te sê ons het gelyk derde geeïndig. Ons sien uit na ons volgende gala: **21 Oktober**.

#RoodieSport #RoodieSwem

RUGBY

Baie geluk aan die volgende seuns wat deel is van die Goue Leeus "Red squad" o. 12-oefengroep.

- Ruvan Ferreirra
- Ruben Kleinsmith
- Trent Hattingh
- Jordan Olwagen
- Logan Swart

 # RoodieRugby #RoodieSport #Waardegedrewe

OUD-HOOFLEIERFUNKSIE 2022

Op **Donderdag, 13 Oktober** het ons ‘n wonderlike bymekaarkoms gehad saam met ons oud-hoofleiers vanaf 1995 tot nou. Die aand was gesellig en elke oud-Roodie het dit geniet om te hoor en te sien hoe ons skool vooruitgaan.

Ons sien uit na volgende jaar se derde oud-hoofleierfunksie.

#EenmaalŃRoodieAltydŃRoodie #OudHoofleierfunksie #Waardegedrewe #DieToekomsIsNOU

PRESTASIE BUITE-SKOOLVERBAND
Judo

Baie geluk aan die volgende leerders wat aan die Nasionale "Novice" SA Skole Judo-toernooi gaan deelneem het.

- Christiaan Venter – 2de-plek
- Emily Harman – 2de-plek

Die volgende leerders het aan die Nasionale "Advance" SA Skole Judo-toernooi gaan deelneem.

- Stephan Agenbach – 1ste-plek
- Cara Claassen – 1ste-plek
- Anthony Harman – 3de-plek

Baie geluk met julle uitsonderlike prestasies Roodies is verseker trots op elkeen van julle.

#RoodieFamilie #DieToekomsIsNou #RoodiePrestasies

Groete

_____

HOOF
G.G ROUSSEAU